**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr. : 313/2006

In die saak tussen:-

**ADRIAAN GERHARDUS ELS** Eiser

en

**MELITA FELICHIA ELS** Verweerderes

---

**CORAM:** MALHERBE, RP

---

**AANGEHOOR OP:** 24 EN 25 APRIL 2007
18, 19 EN 20 SEPTEMBER 2007

---

**GELEWER OP:** 12 OKTOBER 2007

---

Hierdie is 'n egskeidingsgeding. Eiser is 53 jaar oud en verweerderes is 40. Die partye is op 5 September 1998 met mekaar getroud buite gemeenskap van goedere en met insluiting van die aanwasbedeling. Uit hulle huwelik is daar een kind gebore, nl. 'n dogtertjie met die naam van Ané. Sy is tans 4½ jaar oud. Dit is beide partye se tweede huwelik. Beide se vorige huwelike is deur egskeiding ontbind. Eiser het drie volwasse dogters uit sy vorige huwelik en sou graag 'n seun wou hê indien

hy weer 'n kind sou hê. Verweerderes se kinders uit haar vorige huwelik is dogters van 22 en 15 jaar oud onderskeidelik en 'n seun van 17 jaar.

Dit is gemenesaak dat die huwelik op die rotse is. Beide partye verlang 'n egskeiding. In sy besonderhede van vordering bied eiser aan dat verweerderes beklee word met Ané se bewaring onderhewig aan sy reg van redelike toegang (wat hy omskryf). Wat hy egter nie aanbied nie, is enige onderhoud vir óf Ané óf verweerderes óf die betaling van hulle mediese onkoste. In haar teeneis vorder verweerderes onderhoud vir Ané in die bedrag van R2 500.00 per maand; betaling van haar skooluitgawes; R20 000.00 per maand onderhoud vir haarself en betaling van beide haar en Ané se mediese uitgawes. Op 29 Junie 2006 is eiser ingevolge Hofreël 43 gelas om, onder andere, *pendente lite* onderhoud vir verweerderes te betaal teen R10 000.00 per maand; R2 500.00 per maand vir Ané, haar mediese onkoste, sowel as verweerderes se mediese onkoste

> "wat nie deur die hospitaal gedek word nie."

(Aansoek Nr. 2414/2006).

By die aanvang van die verrigtinge het ek op versoek van die advokate ingevolge Hofreël 33(4) gelas dat die geskilpunt met betrekking tot die aanwasbedeling oorstaan vir latere beregting. Die ooreenkoms tussen die partye met betrekking tot Ané se bewaring, onderhoud vir haar en eiser se aanspreeklikheid vir haar mediese onkoste, is uiteengesit in paragrawe 7.1 en 7.2 van die Reël 37 notule op p. 82 van die pleitstukkebundel. Hierdie ooreenkoms is herhaal in eiser se tender of skikkingsaanbod ingevolge Hofreël 34 wat met benadeling van regte gemaak is en as bewysstuk "A" ingehandig is voordat enige getuienis aangebied is. In hierdie tender bied eiser aan om aan verweerderes onderhoud te betaal vir 'n periode van tien jaar of tot haar dood of hertroue of samewoning met 'n man (wat ookal eerste plaasvind) teen R5 000.00 per maand

> "welke bedrag nie vatbaar sal wees vir verhoging of verlaging nie."

Hy bied ook aan om die premies te betaal van 'n

"Mediesefondsplan" van Liberty Life vir verweerderes wat by die tender aangeheg is. Verder bied hy die gedingskoste aan tot op die datum van die tender, nl. die eerste verhoordag. Die verweerderes het by monde van haar advokaat die tender daar-en-dan verwerp wat betref haar onderhoud en tyd gevra om die mediesefondsplan in besonderhede te bestudeer. Ek het nie 'n nota dat verweerderes uitdruklik in die Hof te kenne gegee het dat hierdie mediesefondsplan nie aanvaarbaar is nie. Eiser het klaarblyklik aanvaar dat dit nie is nie omdat daar op die laaste dag van die verhoor, en net voor eiser se saak gesluit is,

> "'n ietwat beter polis"

van Discovery Health aangebied is in die plek van die Liberty Life polis waarna die tender verwys het. Die ander verskil tussen die twee polisse is dat Ané ook as lid op die Discovery Health polis aangegee word. Namens eiser het Mnr. Daffue die Hof verder soos volg meegedeel:

> "Edele en dan besef ons en ons aanvaar dat hierdie plan sal die eiser in werking laat tree op 1 Januarie 2008 en daar is van die voordele wat,

> die volle voordele sal eers vanaf 1 April 2008 in werking tree. Edele en dan vir die *interim* tot en met hierdie polis ten volle in werking tree, is die eiser bereid om die bestaande Reël 43 bevel rondom die medies na te kom .... as die tender so gewysig is, dan sluit ek die eiser se saak."

In die lig van hierdie mededeling is daar derhalwe geen meriete in Mnr. Daffue se betoog dat die Hof hierdie gewysigde tender moet beskou asof dit op die eerste verhoordag gemaak is en dat dit die kostebevel vir dáárdie rede sal affekteer. Die ware toedrag van sake is dat die gewysigde tender gemaak is op die laaste dag van die verhoor net voordat die advokate hulle argumente voorgedra het en dat die oorspronklike tender reeds op die eerste dag van die verhoor verwerp is vir soverre dit eiseres se onderhoud betref.

Tydens betoog het Mnr. Burger die Hof meegedeel dat verweerderes die tender met betrekking tot mediese koste, d.w.s. die Discovery Health polis, aanvaar. Soos reeds gesê, is die kwessie van Ané se bewaring, onderhoud vir haar en eiser se toegangsregte ook nie meer 'n geskilpunt tussen die partye nie. Wat oorbly vir beregting, word soos volg in die Reël 37 notule uiteengesit:

> "7.3.2 Die reg tot onderhoud van die Verweerderes wat insluit die omvang en tydsduur daarvan.
>
> 7.3.3 Die koste van geding.
>
> 7.3.4 Die redes vir die verbrokkeling van die huweliksverhouding in soverre dit van toepassing is op die reg op onderhoud van die Verweerderes."

Verweerderes is 'n mooi vrou wat daarvan gehou het, en nog steeds daarvan hou, om mooi aan te trek en haarself goed te versorg. Sy het nooit 'n gebrek aan klere of juweliersware gehad nie. Voor haar huwelik met eiser was sy 'n suksesvolle sakevrou in Bloemfontein en het sy haar eie huis besit waarin sy en haar kinders uit haar eerste huwelik gewoon het. Eiser was 'n vennoot in 'n afslaersbesigheid in Bloemfontein en deeltydse boer op 'n plaas in die Reddersburg distrik. Hy het ook 'n huis in Bloemfontein gehad waar hy en verweerderes gaan woon het na hulle huwelik. Verweerderes het toe haar huis verhuur. Uit die getuienis kom dit voor asof die huwelik gelukkig was terwyl die partye in Bloemfontein gewoon het: Verweerderes het aan niks gebrek gehad nie en voortgegaan om haar besigheid (Grannies

Pies) suksesvol te bedryf. Eiser was nog steeds 'n vennoot by Ellenberger & Kahts en kon ook deeltyds boer. In 2001 besluit hy om sy huis en sy aandele in die firma te verkoop en "plaas toe te trek" om sy "lewensideaal" nl. om te boer, uit te voer. Intussen het hy die ou woonhuis op die plaas so opgeknap dat dit (volgens verweerderes)

> "'n baie groot plaaswoonhuis was wat hy spesiaal gebou het toe ons gaan aftree het met sewe slaapkamers, vier badkamers, baie, baie groot, baie ruim vertrekke. Dit was 'n baie luukse woonhuis. Ons het baie luuks gewoon, baie."

Volgens verweerderes was sy nogtans ongelukkig op die plaas omdat eiser

> "... as ek wou skape aankoop of iets wou doen, dan het hy gesê ek moet weiding betaal of ek moet nog 'n stroois bou of ek moet twee mense by huur en ek sal, dit het op rusies uitgeloop ..... alles wat ek wou begin het hy net gesê gladnie asof hy my nie daar wou hê nie. Daar was net nie ..... daar was net nie ruimte vir my nie, dit is asof ek nie leefruimte daar gehad het nie ..... ek is uit die stad uit weg en op die plaas gaan bly waar hy reeds al in daardie gemeenskap was vir die vorige vier jaar en toe moes ek my besigheid verkoop en daar gaan bly.

> Ek het niemand geken daar nie en hy het veilings toe gegaan en gaan kuier by die bure en ek het op die plaas gebly en as ek vir hom daarna sou gevra het waar hy was of dit, dan het hy verskriklik kwaad geraak en hy het al vir my, hy het ontsettend kwaad geraak en dan het dit op groot rusies uitgeloop. Hy het selfs vir my gesê ja dit is waarom hy die eerste keer ook geskei is, sy vorige vrou het hom ook verdink van verhoudings ..... ons grootste probleem het begin toe ek hom sê ek is swanger met 'n dogter ..... hy was baie ontsteld en sy oë het vol trane geskiet en hy het gesê die lewe is fokken onregverdig, ekskuus die woord."

Op 24 Maart 2003, toe verweerderes sewe maande swanger was met Ané, was sy in 'n motorongeluk betrokke wat haar 'n parapleeg gelaat het wat vir die res van haar lewe aan 'n rolstoel gekluister sal wees. Hierdie gebeurtenis het die partye se lewens ingrypend en onherroeplik verander: Klein Ané is drie dae later vroeggebore; verweerderes was in 'n bedenklike toestand in die hospitaal; sy moes vir drie maande in die hospitaal bly en het daarna vir nog drie maande by haar broer in die stad aangesterk; sy is plaastoe in 'n rolstoel; die huis moes rolstoelvriendelik gemaak word; haar motor moes omgebou word en beide partye moes probeer om by hierdie uiters tragiese omstandighede aan te

pas. Dit was nie maklik nie en die huwelik wat voor die ongeluk reeds broos was, het verder agteruit gegaan. Voor die ongeluk het eiser vir verweerderes aangerand sowel as daarna terwyl sy in ‘n rolstoel was. Die aanranding voor die ongeluk by die veiling was waarskynlik die gevolg van frustrasie aan die kant van eiser na provokasie deur verweerderes. Die aanranding in die rolstoel word deur die partye verskillend beskryf. Dit strek eiser egter gladnie tot eer dat hy sy hulpelose vrou geklap het nie. As net helfte van eiser se lelike gevloek waaroor verweerderes getuig, waar is, is dit erg genoeg. Ek aanvaar haar weergawe waar dit bots met eiser sin. Sy het ‘n baie beter indruk in die getuiebank gemaak as hy. Hy was geneig om lang, argumentatiewe en sarkastiese antwoorde op vrae te gee. Hoe dit ookal sy, ek meen dat beide partye gefrusteerd was met verweerderes se omstandighede en emosioneel nie instaat was om dit te verwerk nie. Verweerderes het simpatie en aanvaarding en ondersteuning nodig gehad wat eiser nie kon, of wou, gee nie. Ek kan nie bevind dat een party beduidend meer skuld as die ander party het aan die verbrokkeling van die huwelik nie. Na my mening was dit die gevolg van ‘n sameloop van omstandighede waaroor hulle nie

werklik beheer gehad het nie, veral die geslag van hulle baba en die gevolge van verweerderes se motorongeluk.

In sy betoog het Mnr. Daffue eiser se aanbod om aan verweerderes onderhoud slegs vir tien jaar te betaal, probeer regverdig deur te sê dat sy weer geld vanuit haar rolstoel kan verdien deur byvoorbeeld die boeke te doen in haar broer se besigheid. Hierdie submissie word verwerp. Ek haal grepe uit verweerderes se getuienis aan wat onbetwis is:

> "Goed mevrou. As ons net kortliks vir die Hof kan saamvat – as gevolg van hierdie gesondheidsprobleme en kwale wat u aan ly, wat is die simptome, wat ervaar u? Ons weet dat u verlam is, u het nie beweging in u onderlyf nie, is daar ook ander simptome wat u teister of pla? --- Ja, ek kry geweldige hoofpyne as gevolg van die lewer wat nie funksioneer nie; ek sukkel geweldig om stoelgange te passeer en moet ek op 'n derm program wees om dit te kan doen.

Die derm program, hoe dikwels geskied dit en wat is die aard daarvan? --- Ek moet elke aand middele neem en dan moet ek elke tweede oggend twee liter water in my dermkanaal opspuit en dan moet ek die stoelgange met 'n handskoen, ekskuus – verwyder.

Verwyder. Mevrou is daar infeksies wat u ervaar as gevolg van u gesondheid? --- Ja, as gevolg van al die dinge kry 'n mens baie infeksies soos blaasontsteking en ek kry geweldige spasmas, dit is spiersametrekkings en ek

het nie bloedsirkulasie in my bene nie en ek het hiper sensoriese sensasie van die senuweestelsel, dit voel die heeltyd of 'n mens se bene met lemme gesny word.

HOF: Net 'n oomblik asseblief. --- En as gevolg van die pyn ly ek – partykeer voel dit ek kan nie konsentreer nie.

MNR. MOLLER: Praat 'n mens dikwels van persone in rystoele of dit dikwels gebeur dat hulle bedsere ontwikkel. Is dit iets waarmee u gepla word? --- Ja, baie dikwels.

Verstaan ons korrek, vir hierdie toestand gebruik u medikasie asook inspuitings wat u ontvang? --- Dit is korrek u Edele.

U het verwys na die derm program. Is dit nodig dat fisioterapie toegedien word? --- Dit is uiters belangrik, want my derm is ook verlam en hulle doen druk bewegings op my maag en ek moet dit doen.

Dikwels, is die aangewese om fisioterapie te ontvang? --- Twee keer 'n week.

Mevrou u sê die medikasie wat u gebruik het ook newe-effekte. --- Ja.

U het genoem van u konsentrasie wat ingeperk word deur die gebruik daarvan. --- Ja en as ek nie pyn medikasie of spuit vir die spasmas nie, die spasmas het my al van die bed af geruk en dit lei weer tot bedsere, ek het 'n groot seer op my heup 'n ruk terug gehad. Ek kan ook glad nie slaap as ek nie my inspuitings toedien of vir die slaap iets neem nie, u weet die pyn is baie erg.

Mevrou om 'n kort opsomming volledig te kry. Hierdie toestand het die gevolg dat u maar in en uit die hospitale is, is dit korrek? --- Ja Edele."

"HOF: Dankie. Net voor ek vergeet. Mevrou, kan u kortliks 'n tipiese dag in u lewe vir die Hof beskrywe? Ek wil graag weet hoe verloop u dag met u ongeskiktheid. Kortliks asseblief? --- U Edele in die oggende is ek nog op die masjiene vas en in die nag sal ek, ek druk 'n klokkie, dan sal my kinders vir my kom help met die kleintjie as sy iets nodig sou hê of as ek van die bed af, ek het al van die bed af spasmas geruk en ek kan nie altyd net die huis verlaat nie. Met my derm program, jy weet nie, jy het die heeltyd ongemak op jou maag en ek het die

heeltyd hoofpyn en die heeltyd brand pyne in my rug en in my bene en die spasmas raak erg, so erg dat ek sukkel om my kar nou te bestuur en die pyne maak ook dikwels dat ek sukkel om vir my kinders werklik kos voor te berei of ek kan nie funksioneer soos drie jaar terug nie en dit is regtig, dit is, dit is nie maklik nie, ek gaan omtrent nie meer uit die huis uit nie, bitter selde, my kinders doen vir my aankopies nou en weens die pyn het 'n mens nie werklik 'n sosiale lewe of kan jy uitgaan of jy het blaasinfeksies. As dit gebeur dan het jy nie beheer oor jou blaas nie en jou blaas loop net of stoelgange waar ek voorheen net kon in 'n mate beheer, kan ek glad nie. En dit is soms baie moeilik met die kleintjie, want ek beskik nie naweke oor 'n bediende nie en dan as die kinders dalk nie daar is nie of hulle is uit, dan sal die kleintjie vir my help om skoon te maak. Dit is net nie maklik nie. Ek het baie goeie vriendinne wat my baie goed ondersteun en vriende en my familie is baie goed vir my. En dan somtyds as 'n mens hospitaal toe gaan, dan wag jy tot drie ure vir die dokter om jou te sien.

In u rystoel? --- Dit is korrek. En dit is moeilik, want ek was nie aan so 'n lewe gewoond nie. Ek het nooit voorheen van staatshulp of staatshospitale gebruik hoef te maak nie. Dan moet ek die kleintjie saamvat, partykeer sit ons daar dan huil sy sy is honger, dan het ek nie iemand om te stuur eers om vir haar

kos te koop nie, dan sal ek iemand vra en dan voel jy verplig, dan koop jy maar vir almal wat daar sit kos, so. As ek stop op 'n plek, dan moet ek iemand kry om my uit die kar te help, ek moet betaal. As ek in die kar klim moet ek weer betaal terug of as ek kruideniersware sou koop, vir een wat die kruideniersware in- en uitlaai. Afgesien van alles is dit 'n geweldige duur lewe en ek kan dit nie meer, ek kan dit nie bekostig nie.

Net 'n oomblikkie. Is daar sprake van lees vir ontspanning of radio luister of televisie kyk of nie werklik nie? --- U Edele die pyn veroorsaak dat, ek was nou hierdie maand vir drie weke ook in die hospitaal en dr. Dan Hugo, die chirurg en daar is sprake dat hulle vir my 'n pynpompie gaan inbou of 'n ... (onduidelik) lekkasie, 'n groot operasie moet doen om die pyn net te help verlig.

As u praat van 'n pynpompie neem ek aan dit is iets wat gereeld 'n pynstillende middel afskei. --- Ja u Edele dan gaan dit in my rugmurg in spuit. Ja dankie. Net 'n oomblikkie. Ek het net 'n nota dat Ané was nou onlangs maar 4 jaar oud gewees, het ek dit reg? --- Dit is korrek u Edele.
U en u man het nou ooreengekom dat dit in haar beste belang is dat u die bewaring kry, met ander woorde die dag-tot-dag versorging van Ané. --- Dit is korrek u Edele.
En u omstandighede maak dit eintlik vir u baie moeilik om haar van dag-tot-dag te versorg, nie waar nie? --- U Edele dit maak dit moeilik, maar dit is sy wat my aan die lewe hou, dit is sy."

Al het die huwelik nie lank geduur nie, is dit onbillik om te verwag dat 'n vrou met al bogenoemde fisiese probleme haarself moet probeer onderhou.

Namens verweerderes het Mnr. Burger gevra dat die Hof eiser gelas om tussen R10 000.00 en R20 000.00 per maand onderhoud aan verweerderes te betaal totdat sy hertrou of te sterwe kom, terwyl Mnr. Daffue namens eiser aanvoer dat die tenderbedrag van R5 000.00 per maand voldoende is.

In haar nadere besonderhede vir verhoordoeleindes gedateer 29 Maart 2007, (wat sy in haar getuienis bevestig het), sê verweerderes dat haar totale maandelike inkomste soos volg is:

| | | |
|---|---|---|
| Liberty Life annuïteit: | R | 621.06 |
| Rentebetalings ten aansien van verbandlening: R. Parker: | R | 5 000.00 |
| Onderhoud van eiser ten aansien van verweerderes: | R | 10 000.00 |
| Onderhoud van eiser ten aansien van Ané: | R | 2 000.00 |
| Welsynpensioen: | R | 950.00 |
| Totaal | R | 18 571.06 |

In haar antwoord op eiser se Reël 37(4) vraelys gedateer 30 Maart

2007 sê sy dat haar totale maandelikse uitgawes, d.w.s. vir haar en al vier haar kinders, R51 189.38 beloop. Hierby ingesluit is 'n verbandpaaiement van R10 649.51 ten opsigte van die woonhuis wat sy aangekoop het nadat sy eiser gedurende Maart 2006 verlaat het. Hierdie huis het sy ook laat verander om by haar rolstoel aan te pas. Ook ingesluit by hierdie bedrag is R3 517.18 ten opsigte van erfbelasting en sanitasie. (Ek neem aan water en elektrisiteit is ook hierby ingesluit.) Dit beteken dat die huis alleen R14 166.69 per maand kos! Ook ingesluit by die bedrag van R51 189.38 is 'n bedrag van R12 000.00 wat verweerderes beraam sy benodig vir mediese uitgawes wat nie deur 'n Staatshospitaal verskaf kan word nie. (Dit val natuurlik weg in die lig van die aanvaarding van die Discovery Health mediesefondsplan.) Daar is ook ingesluit redelike aansienlike uitgawes vir die Taljaard kinders uit verweerderes se vorige huwelik. Mnr. Burger het hierdie lys met eiser in kruisverhoor deurgewerk en volgens sy berekening het eiser toegegee dat verweerderes se billike uitgawes per maand R12 500.00 beloop. (My berekening kom op R13 245.00 te staan.) Instede daarvan dat slegs R3 500.00 vir huisvesting toegelaat word soos eiser getuig, moet daar vir R10 600.00 (of

ongeveer R7 000.00 meer) per maand voorsiening gemaak word sodat verweerderes kan aanbly in die huis wat sy gekoop het en spesiaal vir haar laat inrig het, aldus die betoog. R12 500.00 se erkende uitgawes plus R7 000.00 meer vir huisvesting is so-te-sê die bedrag van R20 000.00 per maand wat verweerderes vorder en wat die Hof behoort te gelas, aldus Mnr. Burger.

Eiser en sy rekenmeester, Mnr. Lubbe, het getuig oor al eiser se moontlike bronne van inkomste, te wete hyself, A.G. Els handeldrywende as Mooiuitzicht Boerdery, die Attie Els Familietrust, Basfour 3375 (Edms) Bpk handeldrywende as War Plant en Rowco 83 CC. Hierdie getuienis is onbetwis en kan soos volg saamgevat word:
Vir die belastingjaar eindigende 28 Februarie 2007 was die netto inkomste soos volg:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| (i) | Eiser: | | | R | 30 903.64 |
| (ii) | Mooiuitzicht Boerdery: | R | 84 613.45 | | |
| (iii) | Attie Els Familietrust: | R | 20 400.00 | | |
| (iv) | Basfour: | | | R | 351 273.00 |
| (v) | Rowco: | | | R | 644.00 |
| Totaal | | | | R | 487 834.09 |

Eiser is nie 'n begunstigde van die Attie Els Familietrust nie en hy hou een derde van die aandele in Basfour. Dit beteken dat die syfer van R487 834.09 verminder moet word met R20 400.00 en

twee derdes van R351 273.00 d.w.s R137 491.00, latende 'n balans van R350 343.09 of R29 195.00 per maand. Indien Attie Els Familietrust beskou word as eiser se *alter ego* en die bedrag van R20 400.00 bygetel word by R350 343.09, verhoog eiser se netto maandelikse inkomste met R1 700.00 na R30 895.00.

Mnr. Lubbe getuig verder dat eiser nie net sy persoonlike inkomste van R30 903.00 en die boerdery inkomste van R84 613.00, d.w.s R115 516.00 gedurende die 2007 inkomste jaar opgebruik het nie, maar dat hy ook sy kapitaal verminder het met R176 186.00. Dit klop met eiser se getuienis dat hy by geleentheid vee moes verkoop om byvoorbeeld verweerderes se onderhoud en mediese onkoste te betaal.

Die finansiële bestuurder van Wascon Civil, Mnr. Meyer, getuig dat Wascon, een van Basfour se grootste debiteure, hom waarskynlik nie kan betaal nie sodat eiser se moontlike inkomste uit daardie bron bra onseker is. (Bewysstuk "L".)

Om saam te vat: Eiser kan nie bekostig wat verweerderes eis nie.

Aan die anderkant is eiser se aanbod van R5 000.00 per maand heeltemal onvoldoende. ‘n Middeweg moet gevind word.

Die getuienis toon duidelik aan dat verweerderes, veral na haar ongeluk, baie spandabelrig was en groot bedrae uitgegee het op nie-noodsaaklike goed soos juwele en geskenke. Sy probeer dit regverdig deur te sê dat dit gebeur het nadat sy gehoor het sy het net ‘n kort tydjie om te leef. Nogtans was sy nie instaat om werklik rekenskap te gee van groot bedrae wat deur haar bankrekening gevloei het nie. Sy het telkens vae, algemene antwoorde gegee dat van die groot bedrae waarmee sy gefronteer is, bestee is aan oordragkoste, omheining en beveiliging van haar nuwe huis, veranderings aan die huis ensovoorts. Ek meen daar is meriete in eiser se standpunt dat verweerderes onverstandig en impulsief opgetree het deur so ‘n duur huis met ‘n 100% verbandlening te koop terwyl sy nie geweet het waarmee sy die verbandpaaiement van R10 600.00 per maand sou betaal nie. Dieselfde geld vir die duurste model Chrysler motor. Indien sy meer spaarsamig en verantwoordelik opgetree het, sou sy waarskynlik nou ‘n groter neseier gehad het waarop sy rente kon verdien het en sodoende

haar inkomste aangevul het. Die bedrag onderhoud wat ek gaan gelas, sal beslis onvoldoende wees vir eiseres om haar rojale lewenswyse vol te hou. Ek kan nie 'n bedrag toeken wat bokant eiser se vermoë is nie.

Na oorweging van al die getuienis en argumente meen ek dat 'n billike bedrag R8 000.00 per maand is.

Die volgende bevel word uitgereik:

1. Die huwelik tussen die partye word ontbind.

2. Die bewaring van die partye se minderjarige dogter, Ané, word aan verweerderes toegeken onderhewig aan eiser se toegangsregte soos uiteengesit in paragraaf 7.1 van die Reël 37 notule gedateer 20 April 2007.

3. Eiser word gelas om aan verweerderes onderhoud te betaal ten opsigte van Ané in die bedrag van R2 000.00 per maand.

4. Eiser word gelas om aan verweerderes onderhoud te betaal vir haarself in die bedrag van R8 000.00 per maand totdat sy sterf of hertrou of met 'n man saamleef, wat ookal eerste gebeur.

5. Wat verweerderes en Ané se mediese onkoste betref, word eiser gelas om sy onderneming wat hierbo aangehaal is

gestand te doen, te wete om die Discovery Health mediesefondsplan wat op die laaste verhoordag aangebied is, vir hulle uit te neem en in stand te hou en totdat die volle voordele van daardie plan in werking tree, te voldoen aan sy verpligtinge soos gelas in die Reël 43 bevel in aansoek nr. 2414/2006.

6. Die geskilpunt met betrekking tot die aanwasbedeling staan oor vir latere beregting.

7. Die onderhoudsbetalings ingevolge hierdie bevel tree in werking op 7 November 2007.

8. Eiser word gelas om die koste van geding tot dusver te betaal.

**J.P. MALHERBE, RP**

| | |
|---|---|
| Namens die eiser: | Adv. J.P. Daffue<br>In opdrag van:<br>Honey & Vennote<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die verweerderes: | Adv. M. Möller<br>In opdrag van:<br>McIntyre & Van der Post |

BLOEMFONTEIN

Adv. A.H. Burger
In opdrag van:
Claude Reid
BLOEMFONTEIN

/sp